**12 Augustus**

**Alleen God verstaan jou en staan jou by**

**Skrifgedeelte: Spreuke 14:1-10**
**Fokusgedeelte: Spreuke 14:10**

Vir die mens alleen kan die lewe eensaam wees. Niemand verstaan jou nie, behalwe miskien jyself, en dan ook nie altyd nie. Maar gaan kyk na die mens, dan kom jy agter dat hy ’n ernstige begeerte het om deel van ’n groep te wees. Daar is die uitsonderings wat ’n kluisenaarslewe voer, maar mense hou van bure, saambly, om met ander sosiaal te verkeer.

Dan kom hierdie vers in Spreuke en spreek eintlik ’n skokkende waarheid uit: “Net ’n mens self ken die bitterheid van sy eie gemoed, en ook in sy vreugde kan niemand anders voluit deel nie.” Ten spyte dan van mense rondom jou, en al jou vriende en vertrouelinge, is daar niemand wat jou regtig verstaan nie. Dit laat ’n mens verstaan as iemand sê hy voel meer alleen tussen ’n groep mense as wanneer hy alleen is.

Beteken dit dan dat daar vir ’n mens geen uitweg is nie? Beteken dit dat hy vir die res van sy lewe alleen die lewe moet aanpak? Wat is die nut daarvan om ’n man of ’n vrou te hê, of selfs ’n vertroueling, as niemand jou in elk geval kan verstaan nie?

Ons moet egter nie die verlossende werk van Jesus Christus hier geringskat nie. Dit was Christus Self wat gesê het: “Kom na my toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee” (Matt 11:28). Nog verder, toe Hy opgevaar het na die hemel, het Hy vir sy dissipels gesê dat Hy met hulle al die dae van hulle lewe sal wees, tot in ewigheid. Deur die kragtige, inwonende werk van die Heilige Gees is jy nou die tempel waar God se Gees woon. Deur Christus se dood en opstanding is dit nie meer nodig om alleen te wees nie, want God is met en by jou tot in ewigheid.

Vir die mens alleen kan die lewe eensaam wees. Niemand verstaan jou regtig nie, en niemand weet hoe jy voel nie. Maar God weet, en daarom kan die Trooster, sy Gees, jou help en bystaan, en kan jy met sekerheid weet dat God alleen verstaan, en God alleen kan in daardie nood voorsien.

*Sing: Skrifberyming 43:3 en 6 (15-7)* *Ds. Neville Boy (Drieviersboom)*